



# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

**DISTRIK EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**VRAESTEL 1**

**JUNIE 2012**

**MEMORANDUM**

PUNTE: 70  
TYD: 2 UUR

Hierdie MEMORANDUM bestaan uit 7 bladsye.

## **Afdeling A – Leesbegrip**

### **Assesseringsriglyne:**

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word geenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie geenaliseer nie – die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede / motivering word oorweeg. Indien die kandidaat nie JA / NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel:
  - 1 punt vir WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING en
  - 1 punt vir die rede / motivering / aanhaling.
- As die leerder se WAAR / ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
- As die WAAR / ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
- Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels.)
- As 'n antwoord 'n aanhaling is, word die kandidaat nie geenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie. Die aanhaling moet volledig volgens die teks wees, maar die kandidaat word nie geenaliseer vir spelfoute nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite / punte vereis word en die kandidaat 'n hele reeks gee, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie geenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae die letter ASOOK die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL  
GRAAD 11 JUNIE EKSAMEN  
VRAESTEL 1 MEMORANDUM

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

Vraag 1

Nr.	Antwoord	Punte
1.1	“geniet daagliks” / “sensoriese genot”	2
1.2	Dit maak jou bewus van koffie as luuksheid en nie ‘n alledaagsheid nie. (volsin)	1
1.3	Hulle het gedink dit het medisinale voordele / goed vir jou gesondheid. (volsin)	1
1.4	Dis ‘n towermiddel wat die babelas-gevoel kan regmaak. (volsin)	1
1.5	Kafeïen	1
1.6	toleransie en afhanklikheid (albei)	1
1.7	Tydperk	1
1.8	B – Informatief	1
1.9	Mening “beweer” (albei vir 1 punt)	1
		<b>[10]</b>

1.10	Deelname gaan nie net oor wen of verloor nie.	1
1.11	‘n Gebalanseerde leefstyl. Skakel in by ouderdomsgroep. Nuwe vriende word gemaak.	1 1 1
1.12	Help jou om te dink hoe jy kan verbeter. / Motiveer jou om weer te probeer.	1
1.13	Stel vir jouself doelwitte en beloon jouself as jy daarin slaag.	1
1.14	Nee “As jy dink jy is onbelangrik sonder die medalje, gaan jy onbelangrik voel as jy die medalje ook het.”	1 1
1.15	‘n Humorsin.	1
1.16	Eie siening. Kyk na leerder se motivering.	1
		<b>[10]</b>

1.17	In 1980 het die opvoeders baie meer mag as die leerder gehad en in 2008 lyk dit of die leerders meer mag het as die opvoeders.	1 1
1.18	In 1980 is die leerder se gesig hartseer / huilerig en staan hy bukkend in ‘n onderdanige houding. In 2008 is sy gesig aggressief / kwaad en sy liggaamshouding is regop en aanvallend.	1 1
1.19	Die opvoeder het niks teen die wet gedoen toe hy lyfstraf in 1980 toegedien het nie. Die leerder se gedrag in 2008 is teen die wet, want wat hy doen word as aanranding beskou.	1 1
1.20	“werksomstandighede” In die spotprent word uitgebeeld hoe sleg opvoeders se werksomstandighede in 2008 kan wees.	1 1
1.21	Nee, hy stel bloot die vraag of daar werklik vooruitgang gemaak is in skole, want die geweld word in albei gevalle baie negatief uitgebeeld.	1 1
		<b>[10]</b>

**TOTAAL AFDELING A: 30**

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL  
GRAAD 11 JUNIE EKSAMEN  
VRAESTEL 1 MEMORANDUM

**AFDELING B: OPSOMMING**

**Vraag 2**

Nasien van die opsomming:

- Daar word nie van die kandidate verwag om die leesteks van 'n opskrif te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied.
- Indien kandidate puntsgewys geskryf het, word die opsomming nie geassesseer nie.
- Slegs feite wat in volsinne in EEN paragraaf aangebied is, verdien punte.
- Beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte aantal woorde aandui.

Punte word soos volg toegeken:

Antwoord	Punte
1. In die teater raak mense vinnig geïrriteerd as mense vroetel met pakkies, selfone wat lui en tieners wat aan sitplekke stamp.	1
2. Bure wat hulle musiek oorverdowend speel bly 'n probleem.	1
3. Saterdag in die supermark word 'n slagveld, met ma's en kinders en 'n malende massa mense.	1
4. Rokers wat in "rooklose" plekke rook, neem nie die passiewe rokers in ag nie.	1
5. Goeie diens bly 'n probleem in winkels en restaurante.	1
6. Mense wat hulle honde strand toe neem is onbedagsaam.	1
7. Padgebruikers en padmaniere is dikwels 'n frustrasie.	1
	<b>[7]</b>

Aantal woorde: 85

7 punte vir 7 feite.

3 punte vir taal. **[3]**

Penaliseer soos volg:

1. Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Die res van die opsomming word geïgnoreer.
2. Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
3. Taalfoute word soos volg gepenaliseer:  
0 – 4 foute: geen penalisering nie  
5 – 10 foute: trek 1 punt af  
11 – 15 foute: trek 2 punte af  
16 foute: trek 3 punte af
4. Vir direkte aanhalings van volledige sinne word daar soos volg gepenaliseer:  
1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering.  
4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af.  
6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af.
5. Trek 1 punt af indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde aangedui het.
6. Kandidate mag nie afkortings in hul opsomming gebruik nie. Indien dit voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Bladsy 4 van 6

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL  
GRAAD 11 JUNIE EKSAMEN  
VRAESTEL 1 MEMORANDUM

AFDELING C: TAAL

**Vraag 3**

Nr.	Antwoord	Punte
3.1	Viroloog	1
3.2	selfstandige naamwoord	1
3.3	Gif	1
3.4	Ek gee R10 ter staving van die fonds wat weeskinders ondersteun.	2
3.5	Ontstelde	1
3.6	Mnr. Bertie Stavast het gesê <b>hy</b> was baie geskok en sal (sou) graag wil (wou) weet wat die vrekte veroorsaak het.  of Mnr. Bertie Stavast het gesê dat <b>hy baie geskok</b> was en graag sal (sou) wil (wou) weet wat die vrekte veroorsaak het.	2
3.7	eerder/liewer, graagste	2
3.8	Karkasse <b>is</b> oral in die ruskamp (deur amptenare) opgetel. / Oral in die ruskamp <b>is</b> karkasse (deur amptenare) opgetel.	2
3.9	Amptenare het oral in die ruskamp karkasse opgetel en meer as 500 is in die linnekamer gekry.	1
3.10	Geraamtes / gebeendere (meervoud)	1
3.11	Dit lyk in hierdie stadium/gelukkig/darem/tot dusver/tans nie na 'n bekende virus wat die vlermuise gisteraand/ verlede week/onlangs/so wreed aangeval het nie.	2
		<b>[16]</b>

Nr.	Antwoord	Punte
3.12	'hart' figuurlik in 'n sin gebruik Voorbeelde: HAT: 2005. bl. 374 'n Mens moet hart hê om dit te kan doen. / Sy hart het hom begewe. / My hart is gebroke na 'n liefdesteleurstelling. / In die hart van die somer swem ons graag. / Tot die hart van die saak deurdring. / Hy is die hart van ons vereniging./ Hoe lyk dit met 'n koppie koffie, my hart? / Iemand iets op die hart bind of druk./ Sy hart sit in sy broek of keel of skoene. / Iemand op die hart dra./ Dit gaan van my hart af. / 'n Groot hart vir... hê. / My hart hang aan iets. / 'n Klein hart hê. / Jou hart lug. / Waar die hart van vol is, loop die mond van oor. / Met hart en mond belowe. / Van jou hart 'n moordkuil maak. / Jou hart op jou mou dra. / Iets lê jou na aan die hart. / In hart en niere gee ek alles .../ Jou hart aan iets ophaal. / Sy hart sit op die regte plek. / 'n riem onder die hart. / Met hart en siel/ Iemand se hart steel. / Elke hart het sy smart. / Jou hart uitpraat. / Iemand se hart is verdeel. / Iets in jou hart voel. / Een warm hart steek die ander aan die brand.	2
3.13	C – Analogie	1
3.14	Broodnodig	1
3.15	Motore	1
3.16	'ervaring' in 'n sin gebruik bv. Ons ervaring van Mutual & Federal is positief.	1
3.17	Beklemtoning	1
		<b>[7]</b>

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS HUISTAAL  
GRAAD 11 JUNIE EKSAMEN  
VRAESTEL 1 **MEMORANDUM**

<b>Nr.</b>	<b>Antwoord</b>	<b>Punte</b>
3.18	'vir seker' in 'n sin √ (sonder twyfel/beslis) Ek sal vir seker kom./ Dit is vir seker die waarheid.	1
3.19	Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging	1
3.20	Waardelose	1
3.21	besittinkies (spelling en meervoud)	1
3.22.1	beskerming soek	1
3.22.2	Skans	1
3.22.3	Vorm 'n werkwoord (van die selfstandige naamwoord) / werkwoordvormer/ verbaliseerder	1
		[7]

**TOTAAL AFDELING C: 30**  
**GROOTTOTAAL: 70**